

# Sabbat of Sondag?





# Sabbat of Sondag?

Die woord sabbat beteken:

Sabbath – Hebreeus - Strongs nr H7676

Onderbreking, afbreking, pouse, tussenpose. Rus Sabbat.

Sabbath – Grieks - Strongs nr G4521

**‘n Weeklikse dag van rus van sekulêre werk/beroep.**

## **Die hoof Sabatariërgroepe wat huidiglik op ‘n Saterdag**

aanbid is soos volg:

**“Branch Davidians** (Students of the Seven Seals)

Church of God (7th Day)

House of God, a national Hebrew Pentecostal group.

House of Yahweh

Judaism The Process

Church of the final Judgment

Sewenth Day Adventists, including dozens of breakaway sects

**Seventh Day Baptists”**

**Sondag is ’n rusdag in baie lande van die wêreld, ’n gedeelte van die naweek. In die meeste Moslem lande en Israel is Sondag ’n gewone werksdag.**

## **Sabbat ‘n dag van rus en aanbidding:**

God het dit begin. Op die sewende dag het God gerus nadat Hy Sy skeppingswerk voltooi het.

Gen 2:2 En God het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het.

Gen 2:3 En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak.

Die Sabbatsgebod self is egter eers heelwat later (+- 2500 jaar ná die **skepping**) as 'n gebod ingestel (430 jaar na Abraham: Gal 3:17).

Gal 3:17 Maar ek sê dit: die wet wat vier honderd en dertig jaar later gekom het, maak die verbond wat deur God in Christus vantevore bekragtig is, nie kragteloos om die belofte tot niet te maak nie.

Exo 20:8 Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig.

Exo 20:9 Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen;

Exo 20:10 maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie—jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie.

Die hele wet is bygevoeg weens die oortredinge (Gal 3:19).

Gal 3:19 Wat beteken die wet dan? Dit is bygevoeg weens die oortredinge, totdat die saad aan wie die belofte gedoen is, sou kom; en dit **is deur engele beskik deur tussenkoms van 'n middelaar.**

Regdeur die Bybel is God se openbaring progressief. Die Ou Verbond/Verbonde is opgerig, daarna het die wet gekom, daarna het die Nuwe Testament en die Nuwe Verbond gekom. Die nuwe vervul en gee altyd dieper betekenis aan die oue. So ook het die Sabbatsgebod wel gebou op die beginsel van God se rus op die sewende dag (Eks 20:11), maar het eers in die woestyn as gebod en deel van die Ou Verbond tot stand gekom. In Deut 29:1,9,12,14,21,25 word die term "**verbond**" (*berit*) verstaan as die hele wet wat uiteengesit is in die voorafgaande Deut 6-28. In hierdie sin is die terme "verbond" en "wet" uitruilbaar.

Die Here het die verskillende sabbatte aan Israel **gegee as 'n teken** tussen Israel en God.

Exo 31:13 Spreek jy met die kinders van Israel en sê: Julle moet sekerlik my sabbatte onderhou, want dit is 'n teken tussen My en julle in julle geslagte, sodat die mense kan weet dat Ek

die HERE is wat julle heilig.

2Kron 2:4 **Kyk, ek [Salomo] gaan ‘n huis bou vir die Naam van die** HERE my God, om dit aan Hom te heilig—om voor sy aangesig reukwerk van speserye aan die brand te steek en die toonbrode gedurig reg te sit en die brandoffers smôrens en saans te bring op die sabbatte en op die nuwemane en op die feestye van die HERE onse God—**’n ewige verpligting op Israel.**

**Nét so was die besnydenis ‘n** verbond tussen God en Abraham [Israel]. Dus nie van toepassing op nasies wat geen Joodse burgerskap het nie.

Gen 17:10 Dit is my verbond wat julle moet hou tussen My en julle en jou nageslag ná jou[Israel]: Al wat manlik onder julle is, moet besny word—

In Deuteronómium 5 dra Moses die tien gebooie oor aan die volgende geslag Israeliete en hy verduidelik aan hulle waarom hulle die sabbat moet onderhou.

Deut 5:14 maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie—jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou os of jou esel of enige dier van jou, of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie; sodat jou dienskneg en jou diensmaagd kan rus soos jy.

Deut 5:15 En **jy moet daaraan dink dat jy in Egipteland ‘n** slaaf was, en die HERE jou God jou daarvandaan uitgelei het **deur ‘n sterke hand en ‘n uitgestrekte arm; daarom** het die HERE jou God jou beveel om die sabbatdag te hou.

God het die sabbat aan Israel gegee dat hulle hul slawerny in Egipteland moet onthou, en ook dat Hy, die groot Skepper God, hulle uit Egipteland verlos het.

Die vereistes vir sabbats-onderhouding was baie streng.

Exo 16:29 Kyk, omdat die HERE julle die sabbat gegee het, daarom

gee Hy julle op die sesde dag brood vir twee dae. Laat elkeen bly waar hy is; laat niemand op die sewende dag van sy woonplek af weggaan nie.

Exo 35:3 Julle mag op die sabbat geen vuur aansteek in enigeen van julle woonplekke nie.

Deut 5:14 maar die sewende dag is die sabbat van die **HERE** jou God; dan mag jy géén werk doen nie—jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou os of jou esel of enige dier van jou, of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie; sodat jou dienskneg en jou diensmaagd kan rus soos jy.

Enigeen wat nie aan hierdie vereistes voldoen het nie, moes sterf.

Exo 31:15 Ses dae lank kan werk verrig word, maar op die sewende **dag moet dit wees 'n dag van volkome rus, heilig aan die **HERE**.** Elkeen wat op die sabbatdag werk doen, moet sekerlik gedood word.

Num 15:32 En toe die kinders van Israel in die woestyn was, het **hulle** 'n man gekry wat op die sabbatdag hout bymekaarmaak.

Num 15:33 En die wat hom gekry het terwyl hy hout bymekaarmaak, het hom na Moses en Aäron en na die hele vergadering gebring.

Num 15:34 En hulle het hom in die gevangenis gesit, want dit was nie beslis wat met hom gedoen moes word nie.

Num 15:35 Toe sê die HERE vir Moses: Die man moet sekerlik gedood word; die hele vergadering moet hom buitekant die laer stenig.

Opstandingsdag.

Jesus het op Sondagmore uit die dood opgestaan.

Mar 16:9 En nadat Hy opgestaan het, vroeg op die eerste dag

van die week, het Hy eers verskyn aan Maria Magdaléna, uit wie Hy sewe duiwels uitgedryf het.

Die eerstelingsgerf wat direk ná die Pasga en die Fees van die Onge-suurde Brode as beweegoffer **gebring moes word, is 'n tipe** van die opstanding van Jesus uit die dode. Die koringkorrel wat in die grond geval en gesterf het, het nou sy eerste vrug opgelewer en die **begin van 'n groot oes** geword wat in die Nuwe Testament in die Naam van Jesus ingesamel sou word.

Lev 23:10 Spreek met die kinders van Israel en sê aan hulle: As julle in die land kom wat Ek julle gee en sy opbrings oes, moet julle die eerstelingsgerf van julle oes na die priester bring.

Lev 23:11 En hy moet die gerf voor die aangesig van die HERE beweeg, sodat julle welgevallig kan wees; die dag ná die sabbat [op die Sondag] moet die priester dit beweeg.

Die dag ná die sabbat word ook die agste dag genoem. Agt is die getal van nuwe dinge in die Bybel, omdat die agtste dag ook die eerste **dag van 'n nuwe week is.**

1Kor 15:20 Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het.

Geboortedag van die kerk

**Die kerk van Christus het sy formele beslag op 'n Sondag gekry. Dit was** op die Pinksterfees toe die Heilige Gees uitgestort is. In daardie stadium was Israel vir 1 500 jaar reeds georiënteer dat die Pinksterfees **elke jaar slegs op 'n Sondag gevier moes word:**

Lev 23:15 Dan moet julle tel van die dag ná die sabbat, van die dag af as julle die beweegoffergerf bring sewe volle weke moet dit wees;

Lev 23:16 tot die dag ná die sewende sabbat moet julle vyftig dae tel; **dan moet julle 'n nuwe spysoffer aan die HERE bring.[Sondag]**

Die Fees van die Eerste Vrugte is dus op die eerste dag [Sondag] deur die beweegoffer van die eerstelingsgerf ingelui, en 50 dae later **[weer op 'n Sondag]** deur die Pinksterfees afgesluit. Pinkster-

fees beteken letterlik Die Fees van die Vyftigste Dag.

**Die Skrif leer ons baie duidelik dat Jesus op 'n Sondag** uit die graf opgestaan het, en daardeur die eersteling geword het van dié wat uit die dode opgestaan het.

Joh 20:1 En op die eerste dag van die week [Sondag] kom Maria Magdaléna vroeg, terwyl dit nog donker was, by die graf en sien dat die steen van die graf weggeneem was.

Daarna het *veertig dae* verloop tot en met Sy hemelvaart... [Hand 1:2 tot op die dag dat Hy opgeneem is, nadat Hy aan die apostels wat Hy uitverkies het, deur die Heilige Gees bevele gegee het;

Hand 1:3 aan wie Hy ook, ná sy lyde, Hom lewend vertoon het deur baie kentekens, terwyl Hy gedurende veertig dae aan hulle verskyn het en oor die dinge van die koninkryk van God gespreek het. ] ... en *nog tien dae* waarin die dissipels op die uitstorting van die Heilige Gees gewag het.

Op die *vyftigste dag*, wat presies met die Ou Testamentiese Pinksterfees saamgeval het, is die Heilige Gees uitgestort.

Op hierdie dag is ook die eerste doopdiens gehou in die bedeling van die pinkster kerk.

Hand 2:41 Die wat toe sy woord met blydschap aangeneem het, is gedoop; en daar is op dié dag omtrent drie duisend siele toegebring.

**In 'n breër verband verwys dit na die eerste dag van 'n nuwe bedeling** in die raadsplan van God.

Hand 2:1 En toe die dag van die pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar.

Hand 2:2 **En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind**, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het.

Hand 2:3 Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulle self



verdeel en op elkeen van hulle gaan sit.

Op daardie Sondagoggend het die bedeling van die kerk begin. Dit is slegs deur God se beskikking dat die belangrike heilsgebeure tussen Christus se opstanding en die uitstorting van die Heilige Gees op Sondag plaasgevind het. Ten minste twee van die dae waarop Jesus Sy dissipels ontmoet en tot hulle gespreek het, was ook Sondag.

Op watter dag het die vroeë kerk bymekaar gekom vir aanbidding?

### 1. Eerste eredienste

Die eerste twee eredienste wat Jesus ná Sy opstanding vir Sy dissipels gehou het, was op Sondag.

Joh 20:19 En toe dit aand was op daardie eerste dag van die week en die deure waar die dissipels vergader het uit vrees vir die Jode, gesluit was, het Jesus gekom en in hul midde gestaan en aan hulle gesê: Vrede vir julle!

Joh 20:20 En nadat Hy dit gesê het, wys Hy hulle sy hande en sy sy. En die dissipels was bly toe hulle die Here sien.

Joh 20:26 En agt dae daarna was sy dissipels weer binne, en Thomas saam met hulle. En Jesus het gekom terwyl die deure gesluit was, en het in hul midde gestaan en gesê: Vrede vir julle!

### 2. Uitstorting van die Gees

Hand 2:1-4 **“En toe die dag van die Pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar ..... En hulle is almal vervul met die Heilige Gees.”**

Ons het reeds gesien dat die Pinksterfees net op Sondag gevier is [Lev23:16], en teen die agtergrond van hierdie gebeure kan ons begryp waarom die dissipels en al die lede van die vroeë Christelike kerk op Sondag vergader het.

### 3. Eredienste na die hemelvaart:

Na die hemelvaart het die vroeë kerk voortgegaan om op Sondag bymekaar te kom.

Hand 20:7 En op die eerste dag van die week, toe die dissipels vergader het om brood te breek, het Paulus hulle toegespreek, omdat hy die volgende dag sou vertrek en hy het sy rede gerek tot middernag toe.

1Kor 16:2 Op elke eerste dag van die week moet elkeen van julle self opsy sit en opspaar namate sy voorspoed is, sodat die insameling nie eers plaasvind as ek kom nie.

Histories was Sondag, en nie Saterdag nie, die normale dag van aanbidding vir die Christene in die kerk, en dit dateer terug tot die eerste eeu.

Die kerk het spontaan op Sondag byeengekom om in gemeenteverband die Here te aanbid, Nagmaal te vier en bydraes vir die werk van die Here te gee.

### Die Sabbat

Die sabbat was aan Israel [die Jood] gegee, nie aan die kerk nie. Die sabbat is nog steeds Saterdag, nie Sondag nie, en is nooit verander nie. Maar die sabbat is deel van die Ou Testamentiese Wet en Christene is vry van die slawerny van die wet.

Rom 6:14 Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade. [Lees ook Gal 4:1-26]

Onderhouding van die sabbat word nie van die Christen vereis nie. Die eerste dag van die week, Sondag, is die dag van die Here. In elk geval moet ons die Here elke dag aanbid **NIE NET op 'n Saterdag of Sondag NIE!**

Dit was van die vroegste tye af ook die gebruik om tydens dienste op Sondae bydraes vir die werk van die Here op te neem.

1Kor 16:1 Wat die insameling vir die heiliges betref, moet julle ook so doen soos ek vir die gemeentes van Galásië gereël het.

1Kor 16:2 Op elke eerste dag van die week moet elkeen van julle self opsy sit en opspaar namate sy voorspoed is, sodat die insameling nie eers plaasvind as ek kom nie.

Waarom besoek Paulus op die Sabbat die Sinagoge?  
Paulus het in elke stad by die Jode begin. Daarom gaan hy op die Sabbat sinagoge toe om die Jode te oortuig dat Jesus die Messias is. Hy **preek nie vir hulle soos ons "preek" verstaan nie. Hy het "uit die Skrif"** met die Jode geredeneer en daaruit aangetoon dat die Christus moes ly, en uit die dood moes opstaan.

Hand 17:1 Toe het hulle deur Amfípolis en Apollónië gereis en in Thessaloníka gekom, **waar 'n sinagoge van die Jode was.**

Hand 17:2 En volgens sy gewoonte het Paulus na hulle gegaan en drie sabbatte lank met hulle gespreek uit die Skrifte

Hand 17:3 en dit uitgelê en aangetoon dat die Christus moes ly en uit die dode opstaan, en gesê: Hierdie Jesus wat ek aan julle verkondig, is die Christus.

Op die Sabbat kon Paulus die Jode in die Sinagoge in die hande kry om evangelisasie werk onder hulle te doen, nie omdat hy self juis op die Sabbat daar wou gaan aanbid nie. Daar is in Handeling 17 geen melding van Christene wat op die Sabbat bymekaar kom nie. Die **enigste verwysing na 'n spesifieke dag is in die onderstaande Skrif.**

Hand 20:7 En op die eerste dag van die week [Sondag], toe die dissipels vergader het om brood te breek, het Paulus hulle toegespreek, omdat hy die volgende dag sou vertrek en hy het sy rede gerek tot middernag toe.

Paulus het dus op die eerste dag van die week [Sondag] vir die gelowige gemeentes gepreek. Hy het nie aan die bekeerlinge uit die nie-Jode, die onderhouding van die Sabbat verkondig nie, maar vryheid van die Joodse wette en gebruike, en 'n lewe aan Christus verbind.

Die vierde gebod verdwyn.

In die briewe van Paulus, terwyl hy dikwels na die Tien Gebooe verwys, word daar nooit van die Sabbat melding gemaak nie. Teen **die einde van sy briewe volg gewoonlik 'n lang lys vermanings wat juis op die Tien Gebooe gebasseer is.** 'n Goeie voorbeeld is Efesiërs 4, 5 en 6.

Efes 4:5 een Here, een geloof een doop, [Eerste gebod =geen ander gode voor my aangesig.]

Efes 4:25 Daarom, lê die leuen af en spreek die waarheid, elkeen met sy naaste, want ons is mekaar se lede. [Negende gebod =geen valse getuienis aflê.]

Efes 4:28 Laat die een wat steel, nie meer steel nie; maar laat hom liever arbei deur met sy hande te werk wat goed is, sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die een wat gebrek het. [Agtste gebod =jy mag nie steel nie.]

Efes 4:29 Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie, maar **net 'n woord wat goed is vir die nodige stigting, sodat dit genade** kan gee aan die wat dit hoor. [Derde gebod =die Naam van die Here nie ydelik gebruik nie.]

Efes 4:31 Alle bitterheid en woede en toorn en geskreeu en lastering moet van julle verwyder word, saam met alle boosheid. [Sesde gebod = jy mag nie doodslaan nie.]

Efes 5:3 Maar hoerery en allerhande onreinheid of hebsug moet onder julle selfs nie genoem word nie, soos dit die heiliges betaam; [sewende gebod = jy mag nie egbreek pleeg nie.]

Efes 6:2 Eer jou vader en jou moeder—**dit is die eerste gebod met 'n belofte**— [Vyfde gebod =eer jou vader en jou moeder.]

Daar is meer sulke voorbeelde, maar die opvallende feit is dat die vierde gebod NOOIT in een van hierdie lyste of enige ander verband ná die opstanding van Jesus in die NT voorkom nie. Dit sou vir die slawe-Christene in Paulus se sending-**gemeentes 'n groot probleem** gewees het om nie op die Sabbat te werk nie, aangesien hulle heidense eienaars geen waarde aan dié dag geheg het nie. Dink maar aan die gemeente in Korinte waar die meeste lidmate slawe was.

1Kor 1:26 Want let op julle roeping, broeders: julle is nie baie wyse na die vlees nie, nie baie magtiges, nie baie edeles nie;

1Kor 1:27 maar wat dwaas is by die wêreld, het God uitverkies om die wyse te beskaam; en wat swak is by die wêreld, het God uitverkies om wat sterk is, te beskaam;

1Kor 1:28 en wat onedel is by die wêreld en wat verag is, het God uitverkies, en wat niks is nie, om wat iets is, tot niet te maak,

1Kor 7:20 Laat elkeen in die roeping bly waarin hy geroep is.

1Kor 7:21 Is jy as slaaf geroep, laat dit jou nie kwel nie; maar as jy ook vry kan word, maak daar des te meer gebruik van.

1Kor 7:22 **Want die slaaf wat in die Here geroep is, is 'n vrygemaakte van die Here; so is ook hy wat as vryman geroep is, 'n slaaf van Christus.**

Selfs op die eerste kerkvergadering in Jerusalem waar besluite geneem moes word met betrekking tot die heidense bekeerlinge, [wat die besnydenis aanbetref] word nie eens na die Sabbat verwys nie. [Hand 15].

Hand 15:6 En die apostels en die ouderlinge het vergader om hierdie saak te ondersoek.

Hand 15:7 **En toe daar 'n groot woordewisseling plaasvind, het Petrus opgestaan en vir hulle gesê:** Broeders, julle weet dat God lank gelede onder ons verkies het dat die heidene deur my mond die woord van die evangelie sal hoor en gelowig word.

Hand15:10 Nou dan, waarom versoek julle God deur op die **nek van die dissipels 'n juk te lê wat ons vaders en ook ons** nie in staat was om te dra nie?

Hand15:28 Want die Heilige Gees en ons het besluit om verder geen las op julle te lê nie as hierdie noodsaaklike dinge:

Hand 15:29 dat julle jul onthou van afgodsoffers en van bloed en van wat verwurg is en van hoerery. As julle jul hiervan onthou, sal julle goed doen. Vaarwel!

Die naam van die dag.

Daar word verwys na die naam "Sondag" as die dag van die son, en Christene word daarvan beskuldig dat hulle die songod aanbid, omdat **hulle op 'n sondag aanbid**. Dieselfde mense wat Christene wil **laat skuldig voel omdat hulle op 'n Sondag aanbid en nie die 'Sabbat heilig nie', weet wel baie goed dat Saterdag na die Romeinse god Saturnus vernoem is**. Die punt is ons aanbid nie 'n dag, of die naam van 'n dag nie. Dit is afgodery. Ons aanbid die Skepper van daardie dag en al die ander dae.

'n Paar aanhalings uit antieke geskrifte wat staaf dat Christene op Sondag aanbid het.

*Ignatius 110 A.D. wrote in his epistle to the Magnesians 9..." If they who were concerned in old things, arrived at a newness of hope, no longer observing the Sabbath, but living according to the Lord's day, by which our life sprung from him and by his death (whom certain persons deny)...we have been made his disciples, let us live according to Christianity."*

*Barnabas 120A..D. "Wherefore, also, we keep the eighth day with joyfulness, the day, also, on which Jesus rose again from the dead"*

*Justin Martyr 140 A..D. "Sunday is the day on which we all hold our common assembly, because it is the first day on which God, having wrought a change in the darkness, made the world; and Jesus*

*Christ our savior, on the same day rose from the dead."*

*Didache 80-90 A.D. "And on the day of our lords resurrection, which is the Lord's day meet more diligently."*

Die kerk word ook daarvan beskuldig dat die Sabbat deur Sondag aanbidding vervang is deur die edik van Konstantyn . Dit is die grootste onsin. Uit bogenoemde aanhalings het ons gesien dat dit reeds sedert die vroeë kerk die gebruik was om op Sondae te aanbid.

***"D.N. Canright who left the 7<sup>th</sup> day Church in 1914 had this to say: For myself, I feel profoundly impressed that the Sabbatarian theory is built all the way through upon a narrow, forced, and unnatural interpretation of the Bible, one that cannot stand the test of fair criticism. The more I study it the more apparent these facts become to me. I am devoutly thankful to God that he has led me out of that error."***

Paulus korrigeer die Galasiërs oor wettiese gebruike:

Gal 4:9 maar nou dat julle God ken, of liever deur God geken is, hoe keer julle weer terug tot die swakke en armoedige eerste beginsels wat julle weer van voor af aan wil dien?

Gal 4:10 Julle neem dae en maande en tye en jare waar.

Gal 4:11 Ek vrees vir julle dat ek miskien tevergeefs aan julle gearbei het.

Die gees van afvalligheid en permissiwiteit.

Dit is opvallend dat daar in ons tyd, wat op alle lewensterreine deur 'n roekelose gees van afvalligheid **gekenmerk word**, 'n groter wordende stroom van kritiek teen die onderhouding van Sondag as **'n Christelike rusdag en dag van spesiale toewyding aan die Here** is. Baie van hierdie kritici kom uit sg. Christelike kerke, en hulle vat nou hande met die **wêreldlinge om van Sondag 'n sportdag, 'n dag vir wêreldse vermaak en 'n dag vir werk en inkopies te maak**.

Moenie die eindtydse gees van permissiwiteit ten prooi val en op grond daarvan die Christelike Sondag verwerp of minag nie. Moet aan die **ander kant ook nie ‘n rigiede stel reëls vir jouself oplê waardeur die vreugde van hierdie godgegewe rusdag en Christusfees onder ‘n donker wolk van moets en moenies verberg word nie.** Bring die dag tot eer van die Here deur en word geestelik verryk en versterk vir die stryd wat voorlê. Rus uit van die week se werksaamhede en herwin sodoende ook jou liggaamskragte. Moeë mense, wat nie uitgerus is nie, is nie produktief nie en kan ook nie krisisse en spanning goed hanteer nie.

## **Die Joodse Rabbi’s se siening.**

In die Nuwe Testamentiese, eerste gemeentes was daar nie die gedagte dat die heidense Christene daardie Joodse gebruike moes oorneem nie.

Die **Joodse rabbi’s** sien dit presies so en glo NIE dat die Sabbat vir almal bedoel is nie, trouens, hulle WIL NIE Hê dat heidene die Sabbat (en die wet) onderhou nie – trouens die Joodse (mondelinge wet verbied dit! Dit is hulle eie verbondskenmerk as volk. Hulle glo dat die heidene nie die Wet van Moses moet onderhou nie, maar net die sewe beginsels **van die “Wet van Noag”, soos hulle dit noem.** Dit alleen is van voor die Sinaitiese verbond af reeds vir alle mense geldig, en is:

Verbod op afgodery

Verbod op moord

Verbod op diefstal

Verbod op seksuele oortredings

Verbod op Godslastering

**Verbod op die eet van “lewende vleis”/bloed**

Verpligting om regverdigde wette in te stel

Volgens Jode maak die onderhouding van hierdie Noagitiese **beginsels ‘n heiden regverdig en verseker dit vir hom ‘n plek in die komende wêreld.** Maar die wet van Moses is heelwat strenger, wat hulle op hulle self neem as hulle spesiale verbintenis en teken van hulle toewyding aan God.



## Onderskrywing van die Tiengebooue in die Nuwe Testament.

1ste en 2de gebod: Hand 15:29, 17:16; Rom.1:25; 1 Kor.6:9-10, 10:14; 1 Joh.5:21; Openb 21:8, 22:15

3de gebod: Jak 5:12

4de gebod: **SABBAT** [Word nêrens genoem nie.]

5de gebod: Efes.6:1-3, Rom.13:1-7

6de gebod: Rom.13:9

7de gebod: Hand 15:20; Rom.2:22, 13:13; 1 Kor.5:11, 6:9, 13,15, 18; 10:8; Efes.5:3,11-12

8ste gebod: Rom. 2:21; Efes. 4:28; 1Tess.4:6; Jak.5:4

9de gebod: 1Tim 1:9-10.

10de gebod: Rom.1:29, 13:9; 1 Kor.5:11; 6:10; Efes.5:3.

Dit is verkeerd om te sê dat dit nie nodig was om dit in die Nuwe Testament te herhaal nie, omdat hulle reeds die Sabbat onderhou het – niks is verder van die waarheid nie. Die Joodse Christene het die Sabbat onderhou, maar is spoedig uit die sinagoges gewerp. Hoe sou hulle dan saam met ongelowige Jode kon aanbid? Heidense Christene het nooit die Sabbat onderhou nie (tensy hulle eers tot die Jodendom bekeer was).

## Jesus Christus en die Sabbat

### Jesus hou die Sabbat

Sekerlik het Jesus die Sabbat onderhou, maar hou in gedagte: Jesus het ook die wet onderhou, was besny, het kosher geëet, die Joodse feeste gevier, geoffer, die tempel besoek en op vaste gebedstye gebid. **Hy was ‘n Jood in elke opsig** – ook in sy geloofslewe.

Jesus het die Sabbat nie gehou soos hulle nie (so ook nie die wet oor die algemeen nie) – Hy het dit eintlik totaal vernuwe, dit selfs uit sy Ou Testamentiese raamwerk gelig.

Die Jode neem die geskrewe wet (Torah) en mondelingse wet (Talmoed en Mishna) as een wet. Laasgenoemde interpreteer eintlik die Torah en help hulle om dit beter toe te pas. As die wet sê dat iemand nie meer as 40 houe mag kry nie (Deut 25:3), sê die Talmoed 39 houe. Dit maak voorsiening vir die moontlikheid dat mens verkeerd kan tel en so per ongeluk die wet oortree. So word die wet **strenger gemaak (hulle sê hulle sit ‘n “heining” om die wet) om te verhoed dat die ware wet oortree word**. Al hierdie gebruike het vir hulle een wet, een oorlewering, een tradisie, en een kultuur geword.

Jesus kom en verwerp die mondelinge tradisie en lig die inhoud van die wet uit. Hy herinterpreteer die wet, bv.

6de gebod: Hy sê dat haat en belediging reeds moord is (Mat 5:21-22)

7de gebod: Hy sê dat seksuele begeerte reeds egbreuk is (Mat 5:27-28)

3de gebod: Hy sê dat enige eed onnodig is – **nie net ‘n ydele eed nie** (Mat 5:33-37)

Jesus HERDEFINIEER die hele Wet van Moses. Hy skaf letterlik ook sekere gebooue af, presies soos dit geskryf staan in die Ou Testament. Hy skaf dit eenvoudig af en vervang dit met sy eie opdrag:

Eks 21:24, Lev 24, Deut 19:21 ens. spel die Ou Testamentiese gebod van vergelding (*Jus Talionis*) uit: **“oog vir ‘n oog, “tand vir ‘n tand”**. Dit is inderdaad die Skrif, maar nogtans...

**...sê Jesus nee, van nou af: draai die ander wang, gee die onderklere saam, loop die tweede myl** (Mat 5:38-42).

Dit ontstel die Jode dat Hy die Skrif en hulle gebruike so verwerp.

So doen Hy ook met die Sabbat. Ons sien Jesus gebruik die Sabbat om:

Mense te genees: **(wat ‘n “werk” is): Mat 12:9-14, Luk 13:10-17, Luk 14:1-6, Joh 5:1-17, Joh 7:21-24, Joh 9:1-14;**

**ander “werk” te doen:** Hy vryf koring uit (Mat 12:1-5) – **‘n werk** (om koring te oes/te dors)

Sy genesings op die Sabbat is vir hulle uitdagend en word in die ewangelies in verband gebring met planne om Hom dood te maak. Dit is disrespekvol teenoor God, wat die gebod gegee, en hulle wat die Sabbat heilig as volk. Jesus sien dit egter heeltemal anders.

Hy sê:

Die Seun van die mens is immers Here oor die Sabbat (Mat 12:8). As insteller van die Sabbat het hy ook die mag om dit af te skaf. Daarmee bevestig Hy sy mag as Messias, ja as God. Hy is nie onderworpe aan die Sabbat nie, maar Heer bo-oor die Sabbat. Hy is die Wetmaker en Wetgewer.

**Hy is “groter as die tempel” (v5-6) – priesters werk in die tempel op die Sabbat, en Hy is groter as die tempel en meer as ‘n aardse priester.**  
Hy skaf dit in werklikheid nie af nie, maar bring dit terug na sy ware aard.

Die sabbatdag is vir die mens gemaak, en nie die mens vir die sabbatdag nie.

Die mens is eerste gemaak (op die 6de dag) en die Sabbat daarna (7de dag) – **“vir die mens”**.

**Die Sabbat mag dus nooit ‘n las wees, ‘n vorm, meriete of inspanning nie, maar ‘n lus, ‘n rus, ‘n opbouing.**

Jesus praat hier met Jode (vir wie die Sabbat bedoel is), alhoewel **ons aanvaar dat daar ‘n sabbatsbeginsel vir ons oorbly.**

Die prentjie wat ons kry van Jesus en Paulus saam is **van ‘n Sabbat** wat:

Nie op die Ou Testamentiese wet geskoei is nie – een wat ook die heidense Christen, wat nie onder die Joodse wet staan nie, kan verstaan en ken en toepas.

Nie uit reëls, regulasies (wettisme) bestaan nie, waarby ons so graag baie self bygevoeg het.

Vir die mens se voordeel[rus] en opbou[aanbidding] daar is.

Van die begin af het die kerk die opstanding van Jesus as die sleutel tot die nuwe verbond verstaan

Op die spesifieke Sondag van die Opstanding:  
Oorwin Jesus die dood en staan Hy op/word opgewek  
Verskyn Hy aan die vroue wat die graf besoek (Luk 24:1-12)  
Verskyn Hy aan die Emmausgangers (Luk 24:13-32)  
Verskyn Hy aan Simon (Luk 24:34)  
Verskyn Hy aan al die dissipels (Luk 24:36 e.v.)

Een week later op die Sondag (Joh 20:26) verskyn Jesus weer aan die dissipels.

**Letterlik “na agt dae”, maar alle kommentators wys daarop dat hulle telling inklusief was, m.a.w. die huidige dag is ingetel. Sommige vertalings vertaal met “n week later”. Die bedoeling is om aan te dui dat dit die volgende Sondag was.**

Dis verkeerd om daaruit af te lei dat hulle net op Sondae bymekaar gekom het, want in hierdie tyd het hulle elke dag bymekaar gekom. Jesus kies egter om op hierdie dag weer te verskyn.

Vyftig dae na opstanding op Pinksterdag, **ook ‘n Sondag**, gebeur die volgende (Hand 2):

Ons aanvaar dit as die KERK SE AANVANG/geboortedag – want:

Die Heilige Gees word uitgestort.

Die evangelie word die eerste keer verkondig as Jesus se kruis en opstanding.

Die nasies hoor die evangelie vir die eerste keer (in hul eie taal).

Die kerk groei aan tot 3000 gereddes.

Die doop word bedien (vir die eerste keer deur die kerk).

Al hierdie is duidelike tekens van die Messias tyd, want die Ou Testament het verwag dat die laaste dae die tyd sal wees wanneer die Gees uitgesort sal word, wanneer die nasies in Jerusalem God sal aanbid, ens.

**Die Ou Verbond eindig op ‘n Saterdag, en die Nuwe Verbond begin op ‘n Sondag. Uit die Ou Verbond se laaste rusdag (toe Jesus in die graf was) loop die Sondag in die ewige rus van die Nuwe Verbond. Sondag het dus die betekenis gekry van ‘n viering van die nuwe verbond. Soos**

die sewende dag die ou verbond versinnebeeld, so versinnebeeld die eerste dag die nuwe verbond.

## DIE DAG VAN DIE HERE

Reeds uit Nuwe Testamentiese tyd word die **Sondag “die Dag van die Here” genoem**. Dit is vals om daaruit af te lei dat Johannes hier (Op 1:9-10) na die Sabbat verwys, want die kerk het van dag een af verstaan dat dit oor die Sondag gaan – daar was in die Vroeë Kerk geen misverstand daaroor nie. Trouens, die term is vroeg reeds algemeen en universeel gebruik vir die Sondag.

Hoe vier ons hierdie dag?

Die volgende is wat ons vanuit die Nuwe Testament verstaan oor Sabbat en Sondag:

**As ons die Dag van die Here vier het dit ‘n ander aard as die Ou Testamentiese Sabbat – omdat dit oor die opstanding van die Here gaan, en die eerste dag is, gaan dit oor vreugde, nuwe lewe en blydskap. Dit is nie ‘n onderhouding nie, maar ‘n viering. Dit het ‘n feeskarakter.**

Dit is **wel ‘n dag van rus en ontspanning**, waarmee ons in ritme wil leef met die sabbatsbeginsel wat God in die skepping ingebou het. Ons sien af van ons normale, inkomstebringende werk. Ons produktiwiteit kom tot stilstand. Dit beteken nie ons mag niks doen nie. Dit gaan nie oor geen aktiwiteit nie. Dit gaan oor ophou met die inspanning. Dit gaan oor rus, herstel, opbou. Die kreasie moet plek maak vir re-**kreasie. Dit is ‘n dag vir ons gesinne en ook ‘n dag vir onself.**

Ons het nie reëls en regulasies oor die Dag van die Here nie. Die verbod op handeldryf, vuurmaak, reis, ens is nie van toepassing op hierdie dag nie. Daarom gaan ons wel winkels toe, gaan eet uit, eet heerlik (die sonde is nie in die ete kook nie – verbode volgens Ou Testament – maar in die ongesond eet!).

In die tradisie van die Nuwe Testamentiese Kerk gee ons die eerste dag aan die Here, as eerstevrug: soos ons die eerste vrugte van die

oes aan die Here wy, en die eerste tiende van ons inkomste aan die Here gee, so gee ons die eerste dag aan die Here. As ons die eerste **vrugte gee, of 'n tiende, simboliseer dit eintlik dat die hele oes, die hele inkomste en die hele week aan God behoort.**

Hoe wy ons die eerste dag aan die Here?

Ons gaan kerk toe, soos die eerste Christene en Christene deur al die eeue.

Ons gebruik die dag vir gebed, aanbidding, lofsang en die Woord, Bybelstudie, geestelike boeke, ens. [Geen koerant lees en SPORT nie]

Ons deel ons vreugde en seën met ander deur dienswerk en barmhartigheid. [En ons besoek siekes in hospitale]

Kom laat ons nie net die DAG aan die HERE wy nie, maar ook onself en ons HELE lewe. Dit is eintlik waaroor dit gaan. Christus wil nie net een dag van die week in ons lewens erken word nie, Hy wil ELKE DAG EN ONS HELE LEWE LANK DIE BELANGRIKSTE IN ONS LEWENS WEES.

### Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.

Amos 4:12 .....—**maak jou klaar om jou God te ontmoet, .....**

Tussen die hemel en die hel **is daar 'n kloof**—die kloof van die ewigheid. Hierdie kloof is onoorbrugbaar. Tussen die hemel en die aarde is daar **ook 'n kloof**—die kloof van tyd. Hierdie kloof is egter oorbrugbaar deur die **bloed van Jesus Christus**. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag.

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

E-pos: konanja333@gmail.com

Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

